**Vrydag 18 Augustus**
**Skrifgedeelte: Psalm 121**
**Fokusgedeelte: Psalm 121:2**
**Afhanklikheid van die Here**

Is dit regtig so eenvoudig, so vanselfsprekend? Is dit wat in hierdie Psalm oor God gesê word in ons wêreld-sonder-God, nie té rooskleurig, té eensydig, in stryd met die ervaring van talle mense nie?

Ons moet die Bybel egter baie kinderliker, onmiddelliker en ontvankliker leer lees en leer om ook so daarna te luister. Die digter-sanger is ’n pelgrim, op pad na een van die tempelfeeste in Jerusalem. Dit gaan in hierdie feeste oor ontmoeting met die Here.

Die digter kom uit ’n omgewing waar hy as vreemdeling bedreig is deur mense wat vyandig teenoor hom optree (Ps. 120). In Psalm 122 het hy sy bestemming bereik. Hy is verruk oor die skoonheid van die stad en wek almal op om vir die vrede van Jerusalem te bid. In Psalm 121 is hy egter nog op pad en dit is beslis nie ’n maklike pad nie. Dit is ’n onherbergsame bergwêreld, vol gevare. Hy het werklik hulp nodig.

Wat hy dan as sy reisplan bely, het sy oorsprong nie in ’n teorie oor God of bloot sy eie ervaring nie, maar in God wat Hom in die geskiedenis van sy volk bekendgemaak het as die Beskermer. Dit was sy allesoortreffende magsopenbaring onder die volkere en sy neerbuigende liefdesopenbaring in die redding en beskerming van sy volk – as Hulp in benoudhede, in hoë mate beproef. Daarom is die digter juis op pad na Jerusalem, na Hom wat as almagtige God kan help en as getroue Vader wil help (vgl. HK vr. 26).

As die digter in sy moeilike omstandighede daaraan dink, styg hy bo homself en sy omstandighede uit. Hy is ook my beskermer: my hulp kom van Hom, vir altyd die getroue God van die verbond, die Almagtige wat alles gemaak het en nie laat vaar die werke van sy hande nie. Hy het Homself ten slotte in die één onvergelykbare bevrydingsdaad, die stuur, dood en opstanding van sy Seun, bekendgemaak en daardeur al sy dade as helpende reddingsdade gewaarmerk en herkenbaar gemaak.

So moet ons hierdie lied lees – nee, sing: in kinderlike oorgawe en op die lewende, heilige God Self fokus, Hom aanbid en Hom bely en sê: Wie is soos U, o Here?!

*Sing: Psalm 121-1:1 of 121-2:1*
*Ds. H Dijkstra (Hessel) (emeritus)*